# KOMMUNIKAATJIE
**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 50** **Nr 28** **24 Augustus 2025**


## JUBEL SAAM IN GELOOF & LIEFDE

(Matt 22:39; Rom 12:10; Ef 4;1; Tess 5:1; Pet 4:10)

‘n Jubeljaar/Hersteljaar vir die volk. Vreugde oor skulde afgeskryf en opnuut blydskap oor God se genade en voorsiening! Hy kom en herstel in Christus ons verhouding met Hom, Christus was ons skoon van ons sondeskuld. Die Jubeljaar beeld uit God se genade en ons kan ook daarin deel!

Hy herstel ook die verhoudinge tussen mense. Hy bring versoening deur Sy Gees wat harte verander, herskep en bekering meebring. Vrymoedigheid in belydenis, vrymoedigheid in geloofsgemeenskap. Hy gebruik ons om in hierdie donker wêreld lig en sout te wees!

Beleef jy hierdie herstelde verhoudinge? Vind jy vreugde in jou gesin, familie en onder mekaar as medegelowiges? Of is daar seer, ‘n huiwerende gemoed vir saam te kom, ‘n selfsug dat ek op my eie regkom? Kom jy na die erediens net om te ontvang en nie om diensbaar te wees nie?

Ek skiet tekort in meeste van my verhoudinge. Maar nou kan ons hierdie introspeksie/herstel/*“reset*” gebruik om weer ‘n stap te neem om saam weer hande te vat, geloofs- en liefdesbande te smee en weer as geloofsfamilie mekaar te bedien. Dit begin by die huis en by ons as gemeente!

Oudl Fred Reynecke

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 18, Ps 105:5 Volgende week: Les 19, Ps 105:5

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

| Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens ) | Vandag: **Kerkkas** (by die deure) |
|---|---|
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Transoranje Instituut** |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 24-Aug | Reg | Horak | B12 | 0842510685 |
| | Emmie | vd Zee | B07 | 0725934316 |
| | Louis | v Staden | A15 | 0829407111 |
| | Phillipa | Weyer | A13 | 0832320337 |
| 25-Aug | Lenie | Myburgh | A06 | 0822293993 |
| | Melinda | Pilkington | E01 | 0718903685 |
| | Lizette | Reinecke | A12 | 0834475822 |
| 26-Aug | Cecilia | Coetzee | C08 | 0829273146 |
| | Johan | Reinecke | B11 | 0788938903 |
| 28-Aug | Elke | Nel | B18 | 0824176286 |
| 29-Aug | Willy | Bakker | A06 | 0722009778 |
| | Rudi | Swanepoel | B09 | 0726901548 |
| 30-Aug | Johan | Loock | B12 | 0823317277 |
| | Nelda | vd Walt | B07 | 0662368177 |

## *Dooplidmate*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 24-Aug | Pieter | Mulder | C07 | 0829680474 |
| 25-Aug | Melindi | Venter | B17 | 0728007454 |
| | Sanli | Wessels | C12 | 0718985900 |
| 26-Aug | Danie | Kruger | B09 | 0820811030 |
| 27-Aug | Renier | Potgieter | B01 | 0827722615 |

Ek is die druiwestok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, hy dra baie vrug, want sonder My kan julle niks doen nie.

Johannes 15:5

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Fanie Krynauw sterk aan na 'n knievervangingsoperasie (C12 - 082 561 8476).
- Jean Barnard sterk tuis aan na 'n hart ablasie prosedure (B11 - 078 881 8140).
- Hester Enslin sterk aan na 'n heup-vervangingsoperasie (C2 - 063 624 9255).
- Cora Badenhorst ontvang komende week 'n knievervangingsoperasie te Midstream hospitaal (B14 - 654 7537).
- Hennie Jv Rensburg ontvang behandeling in 1 Mil hospitaal (B9 - 082 370 9553).
- Rina Venter sterk aan in Groenkloof hospitaal na 'n val (C01 – 071 403 4143).
- Trudie Steyn sterk aan na 'n prosedure (A5 – 082 886 7468).
- Annetta Lombard is nog steeds in Eugene Marais hospitaal (A14 - 082 621 7373).

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

**Losmaking/Bevestiging van Ouderlinge en Diakens geskied tydens die aanddiens**

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service
Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/
Rev Maarten van Helden
Scripture: Galatians 4

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkapmasjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerkmasjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

Emmertjies **Wateroplosbare kunsmis** 750gr @ R100 nou beskikbaar. WApp Susan 072 124 1076 Monumentsig Aftree-oord en reël vir afhaal.

**PF Wolmarans Prokureurs** - Opstel van testamente, boedelbereddering, registrasie van huis-oordragte. Dit is die verkoper se prerogatief om die prokureur aan te stel. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

**Ervare liefdevolle versorger** beskikbaar vir bejaarde of hulpbehoewende familielid. Bereid om enige plek in SA te werk. Skakel Ann Forbes 072 335 9273 vir meer besonderhede.

## Jag-vir-jou-Kerk



**Die jagseisoen is oop!!**

Ondersteun die Diakonie en skenk 'n bok vir die Kerk. Ons betaal vir die verwerking (droëwors).

Skakel diaken Kobus Joubert – 0798738219



## Diakonie-fondsinsameling


Jubeljaar knipmesse @ R100 elk

Jubeljaar goue en silwer lepels @ R50 elk

Droëwors 400g @ R100

Skakel diaken Kobus Joubert – 0798738219




| Datum | Dag | Item | Prys |
|---|---|---|---|
| 25/08 | Maandag | Pasta Alfredo | R70 |
| 26/08 | Dinsdag | Bobotie | R70 |
| 27/08 | Woensdag | Chicken a la king | R70 |
| 28/08 | Donderdag | Ribs en chips | R80 |

## Wyse Gryses

DV, **1 September**

om **10h00** in die **kerksaal**



Omdat dit tradisioneel Lentedag is, gaan Linda Scholtemeijer, 'n tuinboukundige, ons meedeel wat ons nou in die tuin kan doen en wil sy ook graag julle vrae beantwoord.

Om die dag kleurryk te maak, trek iets kleurryk aan en sit jou sonhoed of pet op jou kop!! Versier dit met blomme, of sit net 'n blom in jou hare!!

Kom verwelkom die Lente vrolik saam!!

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**24 Aug**

Marisa Melck (sameroeper)

Graad 4



**31 Aug**

Corlia van Biljon (sameroeper)

Graad 5









CROSSROADS
PRISON MINISTRIES

## Mentor Opleiding

**GK Centurion**

Donderdag **25 September**

**18:00 – 20:00**

Crossroads Prison Ministries is ‘n evangelisasie aksie waar ‘n sendeling tronke besoek en studente werf wat weekliks ‘n les uitwerk wat aan ‘n administratiewe kantoor gestuur word. By die kantoor word die lesse aan mentors uitgedeel wat daardeur werk, korrigeer wat verkeerd is en opbouende kommentaar byskryf. Die mentor skryf ook ‘n motiverende brief aan die student.

Daar is ‘n administratiewe kantoor by GK Centurion. ‘n Lidmaat van GK Centurion gaan haal die lesse by Leeuwkop Gevangenis waarna dit gementor en weer teruggeneem word.

Daar is ± 12 lidmate van GK Centurion en GK Rietvallei asook ± 8 van GK Lyttelton wat mentors is. **Ons benodig dringend nog mentors**.

Kontak ons asseblief indien u belangstel om ‘n mentor te word, of net meer inligting wil bekom.

**Ronell 083 292 3534 of Hannie 082 780 3653**




**Daar is vanoggend 'n tafel onder die Olyfboom waar u vir die Jubelkamp kan registreer**

# Liturgiese Riglyne

## S O N D A G O G G E N D 09:00

## Jerusalem daarbo is vry

**Skriflesing:**
Galasiërs 4:21-5:1 (1953)
Galasiërs 5:1 (1983)
Openbaring 21:1-3
Psalm 87

**Teksvers:**
Galasiërs 4:26; 5:1

**Sing:**
Ps 95:1,2,4
Sb 9-1:1,11
Lied 159:1,2,3
Ps 87:1-5
Sb 18-7:1,3,8,11
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Paulus se doring in die vlees was waarskynlik die Jode wat alles wat hy met sy sendingwerk opgebou het weer probeer afbreek het. Hulle wou die mense net weer aan die wet van Moses verslaaf en hulle van hulle nuwe *vryheid* beroof.

Vandag bekyk ons die figuurlike verstaan van *ware en vrye kerk-wees* deur die beeld van "*Jerusalem daarbo*".

En dan kom die oproep van Paulus in Gal 5:2 – "*Moet julle nie weer onder 'n slawejuk laat indwing nie".*

## S O N D A G A A N D 18:00

## CHRISTUS SAAI IN TRANE ONS OES IN VREUGDE

**Skriflesing:**
Psalm 126
Johannes 14:1-4
(1983)

**Teksvers**:
Ps 126:5,6

**Sing:**
Ps 150:1,2,3
Sb 5-1:1,4,5,6
Sb 10-1:1-4
Sb 3-3:1-6
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

'n Saaier saai. Hierdie saaier werk in die woestynland. Dis dor en droog, die Suidland, woestynland.

So het Jesus gesaai op die aarde wat dor en droog was weens die sonde. So was sy trane die van geweldige lyde onder die toorn en oordeel en vloek van God, maar met die vrugbare reëns wat in die wintertyd val, lewer die betraande saad weer 'n ryke oes wat vreugde en blydskap bring.

Is Jesus se trane ook 'n rede tot vreugde vir jou? Hy het immers ook vir u gely!